Ek Staan By Die Deur En Klop

En Hy red ons van sonde. En nou gaan ons net 'n klein teksie lees, en met julle praat vir 'n paar oomblikke uit die Woord van God. Want, na regte, is dit die algenoegsame deel, is die Woord. "Geloof kom deur die gehoor, en die gehoor van die Woord van God."

2 Kom ons buig ons hoofde vir 'n oomblik voordat ons Sy Woord oopmaak.

3 Liewe genadige Here, ons is gelukkig vanmôre vir die voorreg wat ons het om in U Teenwoordigheid te staan, op te kyk na U, en U ons Vader te noem. Wanneer ons in ons Skrifte onthou, dat U gesê het: "Bid julle, 'Onse Vader Wat in die Hemel is.'" Om te weet dat ons geheel en al onrein is. "Ons is gebore in sonde, gevorm in ongeregtigheid, en het tot die wêreld gekom en leuens vertel." En so 'n arme ellendeling soos ons, en tog, deur die Bloed van U Seun, die Here Jesus, deur die onverdiende genade wat aan ons gegee is, het ons die voorreg om op te kyk en te sê: "Vader." O, hoe dank ons U hiervoor!

4 En vandag, wil ons U vra, Here, om ons harte te ondersoek soos ons aanbid. Ons kom hiernatoe vir geen ander doel as om U te aanbid nie. En om te sien, in hierdie groot dag waarin ons nou lewe, wanneer, alles skynbaar gefaal het. Maar daar is een ding verseker wat nooit sal faal nie, dis Jesus. Want Hy het vir ons gesê, toe Hy op die aarde was, dat: "Hemel en die aarde sal verbygaan, maar My Woorde sal nooit faal nie." Wat 'n versekering het ons dan, om ons siel se Ewige bestemming op Sy Woord te berus!

5 En nou, soos dit aan ons gegee was, in die vorm van 'n Boek genaamd die Bybel, wetende dat dit geskryf was deur die Heilige Gees en slegs deur die Heilige Gees geïnterpreteer kan word, mag Hy nou kom oor hierdie geskrewe Woord en deur sterflike lippe praat, tot sterflike ore, en Ewige begrip gee. Skenk dit, Vader, dat dit ons harte mag roer, om Hom meer lief te hê. En om beter gemeenskap met Hom te hê, om ons te bring tot 'n nouer gemeenskap.

6 Dan sal ons U vra, vanoggend, Here, dat daar baie hier in die kerk is wat siek en behoeftig is en deur die hele land. Mag ons die voordele ontvang van Sy wonde aan Sy liggaam, op ons s'n vandag, want daar staan geskrywe, dat: "Hy ter wille van ons oortredinge deurboor is, deur Sy wonde daar vir ons genesing gekom het." En soos Dawid van ouds uitgeroep het: "Loof die

Here, O my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie; Wat al jou ongeregtigheid vergewe; Wat al jou krankhede genees." Skenk vandag Here, dat in hierdie aanbidding, dat elke persoon hier wat behoeftig is aan een of die ander, redding vir hulle siel, of genesing vir hulle liggaam; mag ons die voordele trek van hierdie groot opperste offergawe vandag.

7 Ons onderwerp onsself nou aan U, Here. En ons bid dat U deur ons sal praat, en deur ons sal hoor, en gebed beantwoord. Want ons vra dit in die Naam van U geseënde Seun, die Here Jesus ons Verlosser. Amen.

8 Daar is soveel goedheid in die Woord van God, dat dit 'n moeilike ding is vir enige persone om ooit 'n sekere Skrif te kies. Wanneer ek die Woord lees, sal ek sê: "Hierdie klink so goed, ek gaan dit net onderstreep. En dan, as ek na die volgende diens toe gaan, gaan ek oor *hierdie* onderwerp preek." En ek sal vir 'n paar oomblikke gaan sit, en ek sal na die Gees luister soos Dit praat. Dan sal dit nie te lank wees nie, tot ek 'n bietjie verder lees, en ek iets sal vind wat selfs beter klink. En ek sal dit onderstreep, en sê: "*Dit* is waaroor ek gaan praat, as ek weer kerk toe gaan." En die—die eerste ding wat jy weet, is my Bybel opgemerk met sekere dinge waaroor ek gaan praat wanneer ek kerk toe gaan.

9 Dit is hoe goed die Here is, en hoe kosbaar Sy Woord vir Sy heiliges is. En wat 'n groot voorreg wat ons vandag het, in hierdie uur, en wanneer alle hoop skynbaar weg is, maar tog een soliede, seker fondament te vind, dis die Woord.

10 Dit was op my hart 'n paar dae gelede, soos ek Broer Neville vertel het, of boodskap aan hom gestuur het, met ons Suster Wood, dat ek vanoggend gaan praat oor *Die Handskrif Teen Die Muur*. Dit was 'n boodskap wat die Here aan my gegee het op 'n trein, op pad terug van Kalifornië af. Maar in die boodskap, dit was so roerend, en so 'n uur, totdat, die mense uitlos, die groot dinge te vind, selfs tot hierdie moderne sputnik waarvan julle so baie hoor, word geopenbaar in God se Woord. En om te sien die uur waarin ons lewe, ons is beslis aan die einde. En dan om die mense te los in daardie toestand, en dan sonder om nog 'n Boodskap te bring om dit mee op te volg, om die Kerk hoop te gee, dan laat dit die mense soort van wonder, en maak hulle senuweeagtig.

11 So ek het gedink ek sou wag tot die volgende Sondag, met die terugkoms, en dan sal ek praat oor *Die Handskrif Teen Die Muur*, Sondagoggend. En dan Sondagaand, praat oor: "Die Kerk weggeraap voor die Verdrukking." En dan, as hierdie dinge so naby op hande is, dan is die Wegraping nader as wat dit is, as die Kerk gaan in die Verd- . . . voor die Verdrukking. So, ek is seker jy verstaan dat Dit gaan.

12 Nou wil ek uit die Boek van Openbaring lees, uit die 3de hoofstuk, wat betrekking het op die kerk van hierdie dag. En ek sal lees vanaf die 14de vers. Openbaring 3:14.

> *En skryf aan die engel van die gemeente van die* Laodicea*: Dít sê die Amen, die getroue en waaragtige Getuie, die begin van die skepping van God:*
>
> *Ek ken jou werke, . . . dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy* tog *maar koud of warm!*
>
> *Maar nou, omdat jy lou is en nie koud* of *warm nie, sal Ek jou uit My mond spuug.*
>
> *Want jy sê: Ek is ryk en het verryk geword en het* in *niks gebrek nie; en jy weet nie dat dit jy is wat ellendig . . . beklaenswaardig, . . . arm, . . . blind en naak is nie.*
>
> *Ek raai jou aan om van My te koop goud wat deur vuur gelouter is, sodat jy kan ryk word; en wit klere, dat jy jou kan aantrek en* jou *skande van jou naaktheid nie openbaar word nie; en salf om jou oë te salf, sodat jy kan sien.*
>
> *Almal wat Ek liefhet, bestraf en tugtig Ek. Wees dan ywerig en bekeer jou.*
>
> *Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand My stem hoor en die deur* sal *oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.*

13 Nou daardie 20ste vers is waaruit ek graag die teks wil neem, om te sien of God ons 'n konteks sal gee: *Ek Staan By Die Deur En Klop*.

14 Hierdie hele Boodskap vanoggend, wat ons so pas gelees het, is die Woorde van Christus Self, ná Sy opstanding, wat praat met die laaste kerkeeu. Soos ons verstaan, was daar sewe kerke in daardie dag, die sewe kerke van Asië. Elkeen van hulle het 'n engel gehad, en dié engele was gestuur om hierdie kerke te lei deur die eeu. En ons eindig nou op met die laaste kerkeeu, Laodicéa.

15 En dis baie ongewoon om te sien hoe treffend hierdie ding vanoggend is, hoe dit betrekking het op hierdie kerk van hierdie dag, die toestand te sien van die louwarmes, en die onverskilligheid in die kerk. En hoedat hulle sê: "O, ons is op die groot program. Ons bou 'n miljoen-dollar kerk. En ons kerk is voorspoedig. Ons het meer lede as wat ons ooit gehad het. Ons pastoor word beter betaal. En ons is beter, oor die algemeen." As dit nie die praatjie van die dag is nie!

16 Maar, tog, sê die Bybel: "Jy is nakend, arm, beklaenswaardig, blind."

17 Dink net, as 'n persoon wat naak en arm en beklaenswaardig, en blind is, en dit nie weet nie. Nou, as hy dit geweet het, sou hy homself probeer verbeter het. Hy sou haas van die straat af om klere te vind. Hy sou probeer om homself te verbeter. Maar as hy in daardie toestand is en dit nie weet nie, wat 'n afgryslike ding! Nou, en in die lig van dit alles . . . Dis nie my teks nie.

18 Jesus het gesê: "Ek staan by die deur en klop. En as iemand die deur sal oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou en hy met My." Wat 'n uitnodiging aan 'n—'n volk wat leef in hierdie dag! Om hierdie verskriklike gebeure te aanskou waarna ons nou kyk! En met so 'n heerlike uitnodiging: "Ek sal by die deur staan en klop. En as iemand sal hoor, en oopmaak, sal Ek inkom na hom toe; en met hom maaltyd hou, en hy met My." Wat 'n gemeenskap! Wat 'n voorreg! Wat 'n geselskap! Staan by die deur en klop!

19 Wanneer die groot kunstenaar . . . Ek kan nie nou sy naam onthou nie. Het die prent geskilder van Jesus wat aan die deur klop. Enige prent, voordat dit 'n beroemde prent kan word, moet dit deur die skool van kritici gaan, die—die mense wat beroemde kunstenaars is wat die prent kritiseer. Hulle vind al die foute wat daarin is. So, nadat hierdie beroemde prent feitlik deur die skool van kritici gegaan het, is daar gevra vir die man wat die skildery gegee het. 'n Kritikus het gesê: "Daar is net een ding wat ek kan fout vind met jou prent." Hy het gesê: "Jy het vergeet om die grendel aan die deur te sit."

20 En die skilder het gesê: "O, nee. Jy verstaan verkeerd. As die grendel aan die buitekant was, sou hy die grendel lig en ingaan. Maar die grendel is aan die binnekant; die persoon aan die binnekant moet die grendel lig."

21 Dis hoe dit is. Jesus, met al Sy genade en al Sy deernis, tog is jy die persoon wat Hom sal inlaat of Hom sal buite hou. Jy het die grendel aan jou kant.

22 Waarom sal 'n mens aan die deur van 'n ander mens klop? Wat sou die rede wees? Hoekom, dis om toegang te verkry. Hy wil inkom. Hy wil, hy het iets waaroor hy wil praat, of iets om vir jou te wys, wanneer iemand aan jou deur klop. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] Hulle wil toegang verkry, of 'n bietjie gemeenskap, of iets om met jou oor te praat. Dis hoekom Jesus aan die deur klop.

23 Wat sou jy dink, dat deur die eeue heen, die baie oproepe wat gekom het tot mense se deure? Laat ons vir 'n paar oomblikke teruggaan.

24 Kom ons dink aan die groot Keiser Augusta in die dae van die Romeinse ryk. Wat as 'n voetsoldaat in die klein pondokkie iewers sou gewoon het, en die Keiser Augusta van sy paleis af sou kom, en na die klein pondokkie gaan waar sy voetsoldaat gewoon het, en aan die deur klop? Watter opwinding sou dit gewees het

vir daardie voetsoldaat! Wel, die groot keiser van Rome was by sy deur, probeer om 'n woord te wissel met hom. O, hy sou gelukkig wees. Hy sou die deur oopmaak en op sy aangesig val en sê: "Groot keiser, kom binne in my nederige woning. En alles wat jy sien wat jy wil hê, dis joune." Sekerlik, sou hy opgewonde wees om so 'n—'n voorreg te hê om die keiser van Rome te onthaal in sy dag.

25 Wat 'n voorreg sou dit wees vir 'n plattelander, in die dae van Adolf Hitler in Duitsland, die Fuehrer van Duitsland! As hy sou afgaan na 'n arm man se huis, en aan die deur sou klop, en die man sal na die deur gaan en die gordyn lig en kyk. En die Fuehrer van Duitsland, die groot Hitler, het by sy deur gestaan; die vors, die diktator van Duitsland. Hy sou sê: "Wel, ek is nie waardig dat so 'n man soos dit aan my deur sou klop nie. Bedoel jy dat Hitler met my wil praat, 'n plattelander?"

26 Wel, hy sou die deur oopgooi, en op sy aangesig val en sê: "Hitler, kom in my huis in. Sekerlik. Enigiets wat hier is, is joune, groot Fuehrer van Duitsland." Sekerlik, hy sou gelukkig wees om dit te doen. Nie net dit nie, maar hy sou geëerd voel om dit te doen, om te dink dat Hitler na sy deur sou kom.

27 En jy moet kyk na die belangrikheid van die persoon wat aan jou deur klop. Dit het daarmee te doen. As dit 'n bedelaar was, sou jy dalk 'n reg hê om die deur toe te maak, of nie na die deur toe te gaan nie; as jy niks gehad het om aan hom te gee nie, en jy het naar geword vir die bedelaar. Maar as hy 'n belangrike persoon was . . .

28 Ek sou sê, vandag, as—as President Dwight Eisenhower afkom hier na Jeffersonville, vandag, en aan die deur van enige goeie demokraat klop, sal jy baie geëerd voel om na die deur te gaan en President Eisenhower te verwelkom. Alhoewel jy van hom verskil, in politiek, sou jy hom beslis waardeer om aan jou deur te klop. Hoekom? Hy is die President van die Verenigde State. Hy is 'n man van groot belange. En alhoewel jy van hom verskil, in politiek, sou dit 'n eer wees vir enige demokraat, in hierdie stad, of enige ander stad, om President Dwight Eisenhower te onthaal, as gevolg van sy belangrikheid as die President van die Verenigde State. Hy is 'n groot man, 'n eerbare man, en het 'n eerbare posisie.

29 Net onlangs het die koningin van Engeland af gekom. Sy het opgegaan na Kanada. Sy het deur die hele Kanada besoek afgelê. Toe het sy na die Verenigde State toe gekom. En daar sou nie 'n persoon in die Verenigde State wees, wat nie gelukkig sou wees as daardie koningin hulle sou besoek nie.

30 Wat sou jy vanoggend dink, as die Koningin van Engeland . . . al is jy nie een van haar onderdane nie? Jy is 'n Amerikaanse onderdaan. Maar, nietemin, wat as sy sou kom en aan jou deur klop? En jy sien haar diensmeisies, ensovoorts, wat daar staan.

En sy sou sê: "Ek is die Koningin van Engeland. Ek het gekom om jou te besoek." Wat 'n eer sou dit wees, as gevolg van haar belangrikheid. Sy is die koningin. En een van die grootste koninginne in die wêreld, is die Koningin van Engeland. Tog, het sy geen krag in hierdie volk nie. Maar omdat sy belangrik is, sou jy gelukkig wees om haar te laat inkom. Ek sou gelukkig wees om haar te laat inkom, om te weet dat ek die voorreg en die eer gehad het om die Koningin van Engeland te onthaal.

31 Maar, o, Jesus sal by die deur staan en klop, en ons sal Hom uithou. Ons sal nie die deur oopmaak nie. Ons sal Hom net laat klop. En wie is belangriker as Jesus? Sê vir my wie is 'n groter persoon as Hy. En hier sê Hy: "Ek staan by die deur en klop; en as iemand sal oopmaak, sal Ek ingaan."

32 As jy al die Keisers gehad het, al die Hitler's, al die groot manne en vroue van die wêreld, wat voor jou deur staan, sal jy nooit een hê, almal tesame, wat sal vergelyk met die Een wat daagliks by die deur staan, en aan jou hart klop nie: die Here Jesus. Hy wil inkom. Hy wil met jou praat. Jy is een van Sy onderdane. Jy is gemaak na Sy beeld. Jy is 'n mens wat na die beeld van God gemaak is. En Hy verlang om met jou te praat. Hy gaan net nie na die groot, die aansienlikes nie. Hy kom na die armes en behoeftiges. "Enigiemand wat My Stem hoor en die deur oopmaak, Ek sal by hom ingaan en met hom praat."

33 Dink net wat dit beteken vanoggend; vir die Koning van Glorie, vir die groot EK IS. Of, die Een Wat in die brandende bos was. Of, die Een Wat die waters in die Skelfsee geskei het, vir die kinders van Israel om oor te gaan. Of die Een Wat gespreek het en die son het stilgestaan. Die Een Wat die maan en sterre gevorm het, en hulle in hulle bane gesit het, om te skyn. Die Een Wat gesê het: "Lásarus, kom uit," en 'n man, vier dae dood in die graf, het weer lewendig geword. Dink daaraan! Die Een Wat saam met Daniël in die leeukuil ingegaan het, en hom beskerm het teen die leeus. Die Een Wat in die vuuroond ingegaan het, saam met die Hebreeuse kinders, en die vuur van hulle af weggewaai het. Die Een Wat gestaan en gesê het: "Ek is die opstanding en die Lewe. Hy wat in My glo, hy sal lewe, al het hy ook gesterwe. Wie ookal lewe en in My glo, sal nooit sterf nie."

34 Hy staan by die deur van 'n gevalle mensdom, en klop, en probeer om toegang te verkry tot die siel. [Broer Branham klop verskeie kere op die preekstoel—Red.] En ons het daardie groot belangrike Persoon weggewys.

35 O, dan sê jy vir my: "Broer Branham, ek verskil van jou hier, want ek het Hom reeds ingelaat."

36 Wel, dit is baie goed. Ek is so bly dat jy dit gedoen het, Hom ingelaat het. Maar dan, weet jy wat? Dit blyk te wees dat, nadat jy Hom by die deur ingelaat het, het jy 'n hele klomp klein—klein kompartementjies in jou hart. En jy sal Hom by die

deur verwelkom: "Staan net reg hier, maar moenie in my huis rondkyk nie."

37 Kan jy jou indink jy vertel vir die Fuehrer dat hy kan inkom, maar hy kan nie in die huis rondkyk nie? "Nou, Fuehrer, jy kan hier by die deur staan, Mnr. Hitler, maar jy kyk nie in *hierdie* vertrek nie. Jy moenie *hier* kyk nie. Ek het 'n paar geheimpies waarvan ek nie wil hê jy moet weet nie."

38 Dit is hoe ons, wat onsself Christene noem, Jesus soms behandel. "Jy kan instap. Ja, ek glo dat U die Seun van God is, maar moenie begin inmeng in my besigheid nie." Sien? Dit is die gevaarlyn. Jy het klein plekkies in jou hart, klein deurtjies wat gaan na geheime vertrekkies in jou hart. Christene het sulkes. En baie wat Jesus inlaat, is nie bereid dat Jesus maak soos Hy wil nie. Hy is nie heeltemal welkom nie.

39 As ek na jou huis toe kom, en jy verwelkom my binne, voel ek soos jou broer. En ek kan oral gaan waar ek wil, as ek rêrig welkom is, as ek na jou huis toe kom. Ek voel asof jy sê: "Welkom binne," wat beteken dat ek oral in die huis welkom is. Ek gaan sommer regdeur. As ek 'n rukkie wil gaan lê, sal ek in die slaapkamer gaan. En as ek 'n rukkie wil—wil eet, sal ek kombuis toe gaan. Ek sal net voel dat ek welkom is.

40 En wat as jy na my huis toe kom, of ek na jou huis toe, en jy sê: "Nou kan jy net hier staan, maar jy moenie waag om *daardie* deur oop te maak nie. Jy gaan nie *hier* nie"? Ek sou nie baie welkom wees nie.

41 Wel, dit is hoe dit vandag is met mense wat hulleself Christene noem. Jy sê: "O, ek behoort aan die kerk." Dis goed. Maar jy sien, hoekom daar soveel probleme in die kerk is, hoekom daar soveel verwarring in die kerk is, so 'n ontevredenheid in die kerk, is nie omdat Jesus nie daar is nie, dis omdat Jesus nie toegang kan verkry tot die plekke waar Hy wil gaan nie. Ons het daardie kompartementjies, en ons sê: "O, nee, moenie *dit* aanraak nie. Nou Jy kan inkom, maar, o, dit is ver genoeg. Ek sal by die kerk aansluit, maar, anders, laat my my eie sake hanteer."

42 Jesus wil die opperheerser van jou wese wees. En die enigste manier wat Hy jou kan seën, is wanneer Hy jou Here word. *Here* is "heerskappy, eienaarskap." Wie het jou gemaak? Jesus. Wie het die reg tot elke plek in jou hart? Die Skepper. Moenie enige geheime voor Hom hê nie. Maak jou hart oop.

43 Nou kom ons praat, net vir 'n oomblik of twee, oor 'n paar van hierdie deurtjies.

44 Een van hulle is 'n deurtjie van selfsug. O, ons vind dit soveel in die belydende Christen se hart. Selfsugtig, o, jy . . . ek . . . "Dis vir my en vir my groep. Solank dit in my denominasie is, is dit alles reg. Maar as dit buite is, as dit nie 'n Baptiste kerk is nie,

of dit is nie my Presbiteriaan, of my Pinkster nie, as dit buite die Gemeentes is, of sovoorts, is dit niks werd nie."

45 Jy sien, dan kan Christus nie die heerskappy hê nie. Hy kan nie Here wees nie. As Hy Here is, is Hy heerser.

46 As julle sê: "Wel, ek—ek wil graag hê Hy moet 'n sekere ding vir my doen, maar as dit is. . . as ek soveel daaruit kan kry. Ek sal kerk toe gaan as dit sal veroorsaak dat die mense in my gemeenskap beter van my dink." Maar jy sal nie hierdie deurtjie oopmaak nie. "Ek sal Hom aanvaar, maar ek sal Hom nie toelaat in *hierdie* plekkie nie, omdat ek so was sedert 'n kind, en ek voel asof ek net 'n bietjie hoër is as daardie tipe mense. Ek sal Jesus inlaat, maar ek sal nooit na een van daardie sendingkerkies gaan, een van die plekkies waar hulle almal uitroep 'Amen,' en 'Glorie aan God,' en 'Halleluja' nie. Ek sal Hom inlaat, maar ek sal—sal nie daarnatoe gaan nie." Hy is nie jou Here nie.

47 "My skape luister na My Stem." Dan is Hy jou Here. Hy's die heerser.

48 "Ek sal Hom inlaat, as hulle my in die beste kerk in die stad sal aanneem."

49 Ek gee nie om of hulle wil sit. . . As ek in die skuur moet gaan nie, waar Hy my ookal wil laat gaan, sal ek gaan, solank Hy my roep. Ek sal Hom inlaat op grond daarvan dat Hy my Here is. Wat ookal Hy wil doen, laat Hy dit doen.

50 Daar is nog 'n deurtjie genaamd trots. O, wat 'n aaklige klomp swart duiwels is vasgepen in daardie hart van trots, wat dink jy is beter as iemand anders. "Wel, ek sou nie my kinders daarnatoe stuur nie. Hulle trek nie reg aan nie. Die mense wat daarnatoe gaan, is nie van my klas nie."

51 As Christus die Here in jou hart is, is ons almal een klas as gevolg van een Gees. Ons is almal gedoop in een Liggaam. Trots, voel net 'n bietjie. . . 'n Klein kompleks wat jy het. O, jy wil nie dat Jesus dit aanraak nie, omdat dit jou sosiale stand in die gemeenskap sal verswak. Ek sal eerder my sosiale stand in die gemeenskap verswak, as om my naam uit te vee uit die Lam se Boek van die Lewe. Maar hulle sal Hom nie inlaat nie. Daardie bietjie trots hou Hom uit.

52 "O, Jesus, ja, ek sal by die kerk aansluit. Ek sal U aanvaar, maar, o, moenie in *hierdie* vertrek kyk nie. Omdat, U kan gaan sit in 'n stoel by die deur, maar ek sal U nie toelaat in *hierdie* vertrek nie." Dan kan Hy nie jou Here wees nie. Hy moet toegang hê tot elke kamer in die huis, elke kompartement, al die geheime dingetjies van die lewe. Hy moet toegang hê tot elke deeltjie daarvan, dan word Hy Here.

53 Waarvoor wil Hy in jou hart inkom? Is om jou Here te wees. Hy klop aan die deur, om jou Saligmaker te wees. En as jy selfsug en hoogmoed en boosheid, en al hierdie dinge in jou hart hou,

kan Hy nie Here wees nie. Al het jy Hom aanvaar, kan Hy nie Here wees nie. Wanneer Hy Here is, is Hy Here oor alles. En dit is waarvoor Hy klop. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.] "O, Here," sê jy. Laat Hom in.

54 "Ek wil inkom en maaltyd hou." Wat is "*maaltyd hou*," is gemeenskap. Wanneer jy gemeenskap het, met mekaar, hoedat die—die Here en jy maatjies is. Julle is vennote, en wat ookal jy het, het Hy ook. Wat ookal Hy het, het jy dan ook. Jy sien, Hy word jy, sodat jy Hy kan word, en alles is in gemeen.

55 Dan is daar nog 'n deurtjie in die hart, waaroor ek graag wil praat vanoggend, en daardie deurtjie is die deur van geloof. Soveel belydende Christene wil nie daardie deur van geloof oopmaak nie. Nou sê jy: "Here, U kan inkom. Dis goed. Maar ek glo nie dat die hele Bybel reg is nie. Ek sal neem wat my kerk sê, maar ek sal nie die res daarvan neem nie." Hoe gaan die Here jou dan ooit seën? Hoe kan Hy jou Here en geneser wees, as Hy nie jou hart se deur van geloof kan oopkry nie? As Hy kan inkom en jy Hom verwelkom, sal Hy daardie deur oopmaak. En Hy sal in daardie geloof van jou instap, en Hy sal met jou maaltyd hou, in die deur van geloof.

56 O, ek wil Hom verwelkom, vanoggend, in my hart, in elke kamer, in alles wat ek is. Ek wil Hom verwelkom by elke deur. Swaai dit oop, en staan daar en soen die beker van seëninge, saam met Hom in die deur, en sê: "Ja, Here, alles wat ek is, en alles wat ek het, en alles, is Uwe. Kom ons staan by hierdie deur, Here, en hou gemeenskap met mekaar. Laat ons gemeenskap hou by die deur van geloof, Here. Kom ons hou gemeenskap by die deur van trots, Here. Kom ons hou gemeenskap by die deur van selfsug, Here. Neem dit alles van my weg, Here." Geloof!

57 O, jy sê: "Ek sal by die kerk aansluit, maar ek glo dat die dae van wonderwerke is verby." Dan weier jy om die Here te laat inkom by die deur van geloof en Homself aan jou te openbaar. "O ja," sê jy: "maar, Broer Branham, ek is 'n Christen." Ek weet, liewe skat, jy is 'n Christen, en ek waardeer dit, deur die Here te aanvaar, maar jy lewe ver onder jou voorreg. Jy hou jou deur gesluit. Jy hardloop van bakboord na stuurboord, ensovoorts, want jy glo nie.

58 Jy moet daardie deur van geloof oopmaak, en Hom inlaat, dan sal Hy jou die begeerte van jou hart gee. "Hulle wat op die Here wag, kry nuwe krag. Hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie; hulle wandel en word nie mat nie." "As julle in My bly en My Woorde in julle, vra wat julle wil, dit sal aan julle gegee word." O! "Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: 'Hef jou op'" en in die oorspronklike Griekse leksikon, sê: "'hef jou op en werp jou in die see,' en glo dat dit gedoen word." O, goeiste! "Glo dat dit gedoen word; jy sal kry wat jy sê." Sekerlik.

59 O, dit hoef nie spontaan te wees nie. Dit hoef nie so te wees nie. Beslis nie. Net solank jy dit glo. Daar is waar Christene vandag faal.

60 Die Bybel sê: "Geloof is die vaste vertroue op die dinge wat ons hoop. Dis die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Dan, wat wil jy dan daaroor sê? Nou, dit is nie 'n mite nie. Dit is nie 'n gedagte nie. Dit is nie 'n hoop nie. Dit is nie 'n wens nie. "Dit is 'n vaste vertroue." Dit is eintlik iets wat jy besit.

61 Byvoorbeeld, ek kom na jou toe, en ek sê vir jou: "Ek is honger. Ek moet brood hê."

En jy sê: "Wat het jy nodig? Hoeveel geld het jy nodig?"

62 "Ek het vyf-en-twintig sent nodig om 'n brood te koop. Ek's honger."

63 En jy sal sê: "Hier is die vyf-en-twintig sent." Nou, vyf-en-twintig sent is die koopkrag van die brood. En solank ek die vyf-en-twintig sent het, het ek dit. Dis 'n materie. Ek kan net so gelukkig wees, om hier te staan met die vyf-en-twintig sent, en die brood is in Springstraat.

64 O, geseënd sy Sy Naam! Jy laat Hom nie inkom nie. Maak daardie deur van geloof oop. Wanneer Hy enigiets sê, is dit die Waarheid. Wanneer Sy belofte vir julle is, is dit die materie. Wanneer geloof anker, om te weet dat God nie kan lieg nie, is dit afgehandel.

65 Nou, ek het die vyf-en-twintig sent. Dit is nie net iets wat ek my verbeel het nie. Ek besit die vyf-en-twintig sent. Ek loop by die deur uit. Hoekom, is ek net so gelukkig soos wat . . . asof ek die brood het, want ek het die koopkrag.

66 En as ek die geloof het, is die werke klaar; as Hy daardie deur kan oopmaak en inkom, en my die geloof van God in my hart gee. Dis klaar, as ek Hom werklik kan glo. Dit mag dalk nie meteens gebeur nie. Julle weet, die Bybel het gesê dat: "Moses het volhard, deur Hom te sien Wat onsigbaar was."

67 Baie van julle het die Tien Gebooie gaan kyk, wat in Louisville vertoon was vir 'n geruime tyd. Wonderlike rolprent.

68 Nou: "Moses het volhard, deur Hom te sien Wat onsigbaar is." Die onsigbare! Hy het *volhard*, wat beteken, hy het "uitgehou."

69 Abraham, toe hy die belofte gegee is, toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, dat hy 'n kind by Sara sou hê. Dit was afgehandel. Die einste uur toe Abraham sy hart oopgemaak het, en sy deur van geloof, en gesê het: "Dit sal gedoen word." En soos hy ouer geword het, het hy . . . Die Bybel het gesê: "Hy het nooit verswak, deur ongeloof nie; maar hy was versterk deur die geloof, en het aan God die eer gegee, want hy het geweet dat Hy in staat was om dit te doen wat Hy gesê het." Daar's geloof. Jare het verbygegaan. Sara, geen verandering. "Maar hy het nie deur ongeloof aan die

belofte van God getwyfel nie; maar is versterk deur die geloof, en het aan God die eer gegee."

70 Ons wat onsself Christene noem, ons laat Jesus binne. Sê: "O, ek is 'n Christen." En jy kan voor gebid word, of gesalf, of doen wat God sê doen, of Hy kan 'n wonderwerk voor jou doen, en jy kan dit sien; en as jy nie onmiddellik genees is nie: "Wel, dis dit. Ek het dit nooit ontvang nie. Ek sal op 'n volgende keer terugkom." Jy sien, dit is nie geloof nie.

71 Jy moet Hom inlaat, sê: "Here, hier is die deur, kom in en kry 'n houvas." As Hy dan daar instap, is dit vir ewig afgehandel.

72 "Ek staan by die deur en klop." Hy probeer inkom by daardie deurtjie van geloof. As Hy maar net Sy pad daar kan inwerk, dan is dit 'n uitgemaakte saak.

73 Wanneer ek gaan met die vyf-en-twintig sent in my hand, is dit net so goed soos die brood, vir my, want ek het die koopkrag van die—die materie wat ek wil hê.

74 En wanneer geloof sy houvas in 'n hart kry, is daar niks wat dit kan skud nie. Die werk is klaar. God het dit afgehandel. Dit is vir ewig gedaan.

75 Ek gaan met die straat af. Ek steek die rivier oor. Ek gaan deur die doringstruik. Ek word die heeltyd hongerder. Ek het nog nie die brood nie, maar, die heelpad soos ek gaan, juig ek, want ek het die koopkrag en die versekering dat die brood aan my behoort.

O, geseënd sy Sy heilige Naam!

76 Toe ek . . . Voor ek daar kom, mag ek krampe kry; ek is so honger. Ek mag yl, totdat ek my pad deur die bosse oopveg, soos 'n besetene. Maar solank ek die vyf-en-twintig sent vashou, moet die brood kom.

77 Daar het jy dit, solank daardie geloof geanker is! Dokters kan my wegwys, almal, alles, maar ek sal daar wees. Ek sal gesond word. God het so gesê. Ek sal Hom by my deur van hart inlaat. My geloof is aan Hom toevertrou, en Hy het my die belofte gegee, en niks sal daarmee inmeng nie. Dis daar. Geloof!

78 Die deur van geloof, hoeveel Christene hou Hom buite? Hoeveel Pinkstermense hou Hom buite daardie deur van geloof? Hoeveel Baptiste? Hoeveel Presbiteriane? Metodiste? Daardie deur!

79 O, daar is baie deure. Ek sal oor nog een praat, en dis die deur tot jou oë. Hy het gesê: "Jy is blind, en weet dit nie." Hy praat van vandag se kerk, geestelik blind.

80 Ek het nou die dag gepreek. Wat, ek kan dit nie in die publiek sê nie. Maar vir Broer Sothmann daar, en vele ander, Leo en Gene, en hulle, gesê: "Waarnatoe kom dit?" Ek het gesê.

"Hoekom kan die mense nie hierdie dinge sien nie? Hoekom kan hulle nie verstaan nie?"

81 Selfs daardie foto moet die nasies skud, maar selfs nie eens—nie eens 'n koerant kon dit plaas nie. Wat het George J. Lacy, van die F.B.I. gesê? Hy het gesê: "Mnr Branham, dit sal een van die dae in die tien-sent-winkels wees, maar nie terwyl jy lewe nie." Dit het nooit teruggekom nie. Dit het tot nou die dag toe, nie geantwoord nie. Ek het gedink: "Voorwaar."

82 Dink aan die maniak in Portland. Dink aan die toordokters in Indië. Dink aan die vissie, Broer Wood, op die rivier. Dink aan die dinge wat onfeilbaar is, die bewyse. En tog kan ek nie eens uitgaan, skaars, en 'n groot veldtog hou nie; word teruggehou. Iets sal laat gaan, maar dit word teruggehou. Wat is dit?

83 Hulle het nooit vir Elía geken voordat hy weg was nie. Hulle het baie van hulle nooit geken nie. Hulle het nooit geweet wie Johannes was totdat hy onthoof is nie. Hulle het nooit vir Jesus geken as Verlosser van die wêreld, totdat Hy gekruisig en weer opgewek is nie.

84 Sint Patrick het die Katolieke kerk gehaat, en daarteen geprotesteer. Maar nadat hy dood is, het hulle hom ingehuldig as 'n heilige. Hulle het nooit geweet hy was 'n heilige, totdat hy dood en weg was nie.

85 Hulle het nooit geweet dat Sint Francis van Assisi 'n heilige was nie. Hy het teen die Katolieke kerk geprotesteer. Hy was 'n lopende prediker met 'n Bybel onder sy arm. Afgegaan na die rivier om te preek, en klein spreeus het geskreeu. Hy het gesê: "Klein sustertjies, swyg; ek verkondig die Woord van God." En hulle het geswyg. Maar hulle het dit nie geweet voordat hy vir 'n geruime tyd al dood was nie.

86 Johanna van Arkel, wat Frankryk gered het, die meisie was 'n heilige. Sy was geestelik. Sy het visioene gesien. Sy was 'n geestelike vrou. Sy het engele hoor praat met haar. Sy het die stem van God gehoor. Sy het visioene gesien. Wat het hulle gesê? "Sy's 'n heks." En die Katolieke kerk het 'n paal ingekap en haar daarnatoe gedryf, en haar verbrand, daardie priesters het, en sy wat skree om genade.

87 Tweehonderd jaar later, het hulle besef dat sy 'n heilige was, so hulle het baie berou gehad. Hulle het daardie priesters se liggame opgegrawe wat haar verbrand het, en dit in die rivier gegooi. Dis natuurlik baie berou. Maar hulle het haar nie geken totdat sy gekom en gegaan het nie.

88 Jesus het gesê: "Hulle kon nie glo nie, want Jesaja het gesê: 'Hulle het oë, en kan nie sien nie; ore, en hulle kan nie hoor nie.'"

89 Net gisteraand, op die skutblad van my Bybel, toe 'n tyd gelede, in 'n visioen wat die Here my gegee het, en ek het dit

aan die kerk vertel. En toe sê Hy vir my: "Gaan na Afrika, dan terug na Indië."

Ek het gesê: "Ja, Here."

90 En toe Mnr. Baxter my vertel, in Kanada, of in Chicago, het gesê: "Kom ons gaan Indië toe. Los daardie Afrikaans uit; hulle wil nie reg saam met ons werk nie."

"Nou goed," het ek gesê.

91 Ek het daarvan vergeet. Toe ek huistoe gaan, het die Engel van die Here my tussen die twee kamers ontmoet: 'n Vuurkolom, 'n Lig, dieselfde Een *daar*. En Hy het gesê; "Gaan jy Afrika toe soos Ek gesê het om te gaan."

En 'n jaar later, het hulle my weer omgepraat daarmee.

92 En ek het dit vergeet; ek het dit nie neergeskryf nie. En ek was saam met my seun daar in Portugees, Lisbon, Portugees. En ek was platgetrek, siek, die hele nag. En die volgende oggend, wou ek in die bad gaan, om 'n stort te vat. En op my pad daar in, daar het die Engel van die Here gestaan, gesê: "Ek het gedink ek het jou gesê om eers Afrika toe te gaan?"

93 Ek het gesê: "Here God, ek is nie waardig om U dienskneg te wees nie." Ek het gesê: "As U wil, lig U Gees en gee dit aan 'n ander."

94 Toe, tot net 'n paar dae gelede, toe ek reëlings getref vir Afrika vanjaar, hulle is nou daar oorkant om dit te tref. En gisteraand, het ek gelees in die visioen, en God het geweet dat ek dit sou faal. En in die visioen. . . Ek het dit nooit gesien tot gisteraand nie. En ek het Broer Sothmann, Leo, en almal van hulle, laat kom. Die visioen het gesê: "Jy sal eers Indië toe gaan, en dan terug na Afrika."

95 Sien, ek—ek het dit self geskryf. Ek het die ding self geskryf. Van die bed afgespring waar ek gesit het, vroeg een oggend, en Hom in die kamer sien inkom. En ek het presies neergeskryf wat Dit gesê het, soos Hy—Hy my daar vertel het. En ek het dit baie, baie, baiekeer oor gelees, en dit nooit opgelet nie. En gisteraand toe ek die ouens geroep het, daar was dit, reg op die skutblad van my Bybel, waar baie, baie mense dit gelees het.

96 Dit het gesê. "Daar kom 'n half-geklede volk, en—en ek het vir hulle gepreek, en hulle was verheug. Toe, daarna, het 'n Lig aangeflits, en die wittes en swartes bymekaar gewys, in Afrika." Nog nooit gesien nie; reguit daarna gekyk, met oop oë.

97 God, maak my oë oop, dat ek kan sien. Laat my kyk verby die tydsgordyne, Here. Laat my net sien, Here, wat rondom my is. Laat my sien wat aan die gebeur is.

98 As ek dink aan die verblinde mensdom op hierdie aarde, wat sien, maar tog nie kan verstaan nie; sien hoe God in die vergadering kom en die einste dinge doen wat Hy gedoen het toe

Hy hier op aarde was. Sien hoe Jesus Christus, die Seun van die lewende God uitvoer en optree en doen, net soos Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was, en steeds verstaan hulle nie. Hoe kan dit wees? Omdat hulle oë nie oop is nie.

99 Dit sal oopgaan, een van die dae, my vriend, maar dan sal dit te laat wees. Die tyd sal verby wees. En jy sal wonder, weer: "Wil jy vir my sê, *hierdie*, dat *so-en-so* en *so* 'n ding *dit* was, en ek het dit nie geweet nie?" Dit gaan bo-oor hulle koppe. Hulle snap dit nie. Begryp julle wat ek sê? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Dit gaan bo-oor hulle. Dis reg . . . En julle soek vir 'n groot iets om te gebeur in die toekoms, wanneer dit reg op hierdie oomblik is, en julle versuim om dit te sien.

100 God, kom in my hart in en maak die deure van my oë oop, dat ek kan sien.

101 Hoe Kléopas en sy vriend eendag in die pad afgestap het, vanaf Emmáüs, of oppad na Emmáüs. En oppad daarheen, het Hy met hulle gesels, het Hy saam met hulle gestap. Hy het maaltyd met hulle gehou, en hulle oë van begrip was gesluit. Toe Hy binne kom, en hulle almal stilgeword het, het Hy ietsie gedoen wat hulle herken het, wat niemand kon doen behalwe Hy nie, dit is ná Sy opstanding. En vinnig, het die Bybel gesê: "Het hulle oë oopgegaan." Hy het hulle oë geopen, en hulle het met die pad teruggegaan, verheug, en gesê: "Voorwaar die Here het opgestaan, want Hy was saam met ons deur die dag." Hulle oë het oopgegaan. Hulle het verstaan.

102 Ons Jesus kan reg in die midde van die mense kom en daardie selfde dade verrig, en wat gebeur? Die mense sal weggaan en sê: "Dit is verstandstelepatie. O, hy kan dalk 'n spiritualis of 'n fortuinverteller wees, iets wat so gebeur het."

103 O, as God ons oë sal oopmaak en ons laat sien wat hierdie dinge is! Daardie deur tot die oog is in die hart. Dis nie wat jy sien met jou oog nie. Dit is nie sien nie; dis kyk. Jesus het vir Nikodémus gesê: "Tensy iemand wedergebore word, kan hy die Koninkryk van God nie sien nie." Jy sien Dit nie met jou oë nie; jy sien Dit met jou verstand. Jy kyk met jou oë, en verstaan met jou hart. So, die deur van jou oë is in jou hart, want dit is 'n deur van begrip.

104 "O, ek verstaan dat Jesus gesê het Hy sou dit in die laaste dae doen. Ek verstaan dat hierdie dinge die teken van God is." Hoe anders dan, hoe dit 'n werklikheid vir jou word, hoe dinge verander, as ons oë oop is. Hy is die heeltyd by jou. Hy help jou. Hy staan daagliks by jou deur, maar jy herken dit nie.

105 Ek het 'n prediker iets hoor vertel, nie lank gelede nie, wat my getref het. Was onder in die suide, daar was 'n ou man daaronder, 'n gekleurde man, wat . . . Hy was 'n goeie ou kêrel, maar hulle kon hom nie opgelyn kry met God nie. Hy wou net nie kerk toe

gaan nie, en tog was hy ’n goeie ou kêrel. En hulle kon hom nie kry om kerk toe te gaan nie.

106 So, eendag, het hy en die prediker gaan jag. En hy was ’n baie swak skut. Hy kon nie enigiets tref nie. So daardie dag, op pad terug huistoe, het hulle soveel wild geskiet dat hulle oorlaai was met wild. En die ou gekleurde man se naam was—was Gabriel. En hy het hom Gabe genoem, vir kort. So hy was oorlaai met wild wat oral oor hom hang; hy kon skaars beweeg. Hy het agter die prediker geloop. Na ’n ruk het hy hom op die skouer geklop, en hy het gesê: “Pastoor?”

Gesê: “Ja, Gabe, wat wil jy hê?”

107 Het gesê: “Sondagoggend, gaan ek my bevind in die roubeklaersbank. Ek gaan my plek inneem in die kerk, om daar te lewe vir die res van my dae.”

108 Die pastoor het gesê: “Goed, Gabe. Maar wat het die skielike verandering veroorsaak? Hoekom, terwyl ons met jou gepraat het, en goddelike, heilige mense saam met jou gebid en jou oortuig het, en jy jou hart weggedraai het?”

109 Hy het gesê: “Baas, jy weet, ek weet ek is ’n swak skut. Ek kon niks tref nie.” En gesê: “Kyk na die wild wat ek gekry het. Hy moet my liefhê, of Hy sou dit nie vir my gegee het nie.” Daar het jy dit. Wat was dit? Sy oë het net oopgegaan. Hy het besef wie vir hom daardie wild gegee het, waar dit vandaan gekom het.

110 “Die os ken sy stal. Die muil ken die meester se krip, maar My mense weet nie,” sê die Here. Sekerlik, hulle weet nie waar hierdie goeie dinge vandaan kom nie. As jou oê maar net oopgegaan het, en jy kon sien.

111 ’n Tyd terug, was ’n man oppad na die strand. Hy het soontoe gegaan om te rus. Hy wou homself verfris, omdat hy lief was . . . Hy het gedink hy wil die seemeeue hoor soos hulle oor die water vlieg en neerdaal op die groot wit-punt golwe, soos hulle brul en bars deur die lug. En hy wou die soutwater ruik. Hy het gesê: “Dit sal so ’n rus wees, om vir ’n rukkie by die strand te gaan bly. Ek wil net rus. Ek wil by die strand bly, om al die dinge te sien wat die see aanbied; die blou lug, soos dit uit die lug na die water weerspieël. Hoedat die skuim van die soutwater opborrel in groot golwe, slaan en rol!” En hy het gesê: “As ek daarna kan staan en kyk, en die geskree van die meeue hoor!”

112 En op sy af pad na die strand, het hy ’n man teëgekom, en hy was ’n ou sout, ’n ou matroos van die see. Hy het gesê: “Waar gaan u heen?”

113 Hy het gesê: “Ek gaan af na die strand, om die seëninge van die see te geniet.”

114 En die ou sout het gesê: “Ek sien niks vreemds daaromtrent nie. Die waters is net waters. Die lug is net die lug. Die seemeeu is

net nog 'n voël." Jy sien, hy het dit so baie gesien, dat hy gewoond geraak het daaraan. Dit was nie opwindend vir hom nie.

115 En dit is wat die probleem is met julle mense. Julle het die goedheid gesien, en die wonderwerke, en die Goddelike dinge van God, beweeg en werk, totdat julle gewoond geraak het daaraan. Julle let dit nie meer op nie.

116 In die vergaderings, het ek opgelet dat mense, waar die Here, onder Sy onderskeiding, reg in die gehoor aanspreek, net soos Hy gedoen het toe Hy in Galiléa rondgegaan het, en net Sy belofte dat Hy gesê het Hy sal dit doen. En mense, die eerste keer, sê hulle: "O, dit het ooit . . . O, dit móét die Here wees." Die volgende keer: "Dit moet kom." En na 'n rukkie, "Wel, dis net nog 'n ding." Dis algemeen. Dit het bo-oor gegaan. Jy sien dit nie raak nie. Jou oë van verstand, jou hart, raak gesluit daarvoor.

117 Die opwinding, die seëning om te weet dat die herrese Here Jesus in ons midde staan, moet elke siel opstuur na hoogtes bokant enigiets wat hierdie wêreld kon verheug. Dit behoort iets aan jou te doen. Dit behoort jou geloof te skud, totdat jy elke deur van geloof sal oopmaak, en alles anders, sê: "Here Jesus, neem nou volle besit van my. Neem my in U sorg. Hier, kom in my hart in. Neem my selfsug weg. Neem my misverstande weg. Neem my twyfel weg. Open my oë, Here, dat ek kan sien. En neem alles van my en wees my Here." Totdat die kerk dit doen, wandel ons in die blindheid. Jesus klop aan die deur, en ons los Hom buite. [Broer Branham klop vier keer op die preekstoel—Red.]

Kom ons bid net 'n oomblik, terwyl ons ons hoofde buig.

118 Terwyl ons hoofde in stilte geboë is, ons aangesigte na die stof gedraai is waaruit ons kom. En eendag sal hierdie sterflike vlees moet . . . die resultaat sal terug wees na die stof. As daar vanmôre so 'n persoon hier is, wat nog nooit hulle hart so oopgemaak het vir die Here Jesus nie, wat nou julle hande sal opsteek na Hom, en sê: "Jesus, wees my genadig"? God seën jou, meneer. God seën jou. Iemand anders. God seën jou, jong kêrel. "Ek maak my hart oop op hierdie tydstip."

119 Sê: "Here Jesus, vat my, alles, volle besitting. Wees my Here." God seën jou, meneer. Ta- . . . "Wees my Here." God seën jou, dame. "Wees my Here; die Here van my trots, die Here van my geloof, die Here van my oë, die Here van my sig, die Here van my gehoor, die Here van my eetlus." Ek kon oor baie van hierdie dinge gepraat het, maar die tyd sal dit nie toelaat nie. "Wees Here oor alles." God seën jou, dame. Net . . . God seën jou, broer. "Vat my, Here." God seën jou, broer. "Vat my soos ek is, Here." God seën jou, suster. God seën jou, broer. God seën jou, daaragter. Dis reg. "Vat my net soos ek is, en wees in volle beheer, Here. Moenie dat ek U lei nie. Lei U my." 'n Kêrel het gesê . . . God seën jou, my broer.

120 ’n Kêrel het gesê hy het uitgegaan in ’n weiveld en ’n ponie gevang, hier nou die dag. Hy het die tou om die ponie se nek gesit, toe ’n halwe haak gemaak om die snoet van sy gesig, en het die ponie teruggelei na die skuur. Voor hy daar aangekom het, het die ponie hom gelei.

121 Dis wat dit is. God vang ons, en ons probeer om Hom te lei. Laat Hom lei. Hy ken die pad. Hy het die pad gereis. Hy het die pad gemaak. Ons ken nie die pad nie, so hoekom probeer ons om hierdie dinge uit te redeneer? Laat ons net onsself aan Hom onderwerp, sê: “Here, lei U my. Ek sal volg.”

122 Miskien was jy ’n Christen. Miskien het Christus in jou hart ingekom, maar jy het nog nooit jou geloof losgelaat aan Hom nie. Sê: “Here, stap binne. Neem al die twyfel uit my hart uit. As U Woord so sê, glo ek dit. So, van hierdie dag af, neem ek U soos ek . . . ek wil hê U moet dit vir my gee wat die broer vanmôre gesê het, soos ’n vyf-en-twintig sent stuk vir ’n brood. En in die gebed vanoggend, vir die siekes, gaan ek U ontvang. Ek glo dat U dit gaan doen. En ek stap reguit aan, verheug, maak nie saak wanneer dit gebeur nie. Dit sal gebeur.” Wil jy jou deur van geloof in jou hart, vandag vir Hom oopmaak? [Leë kol band—Red.] . . . sal jy, steek dan jou hande op, en sê: “Here, hier is ek.” God sëen jou. Massas met hulle hande in die lug.

U Lam van Gólgota,
Redder Goddelik;
Nou hoor my ’wyl ek bid,
En neem al my sondes weg, (my ongeloof)
O laat my van vandag
Geheel Uwe wees!

123 Here Jesus, U sien hierdie mense se hand. U ken hulle harte. U staan daar. Dis U wat klop. Mag hulle nie op die uitkyk wees vir ’n paar mitiese mistieke nie. Maar mag hulle reguit kyk in die aangesig van die gekruisigde Seun van God. Mag hulle ’n begrip hê vanmôre, soos nog nooit tevore nie. Skenk dit, Here.

124 Ons het moeilik gehad. Satan het ons in elke opsig beveg. Selfs vir hierdie byeenkoms vanmôre, was nie eens enigeen hier gewees om die gebedskaarte uit te gee, sodat hulle opgelyn kon word, vir die uitstedige mense; sodat U in staat kon wees om die oortreflike oorvloed van U Teenwoordigheid te toon, volgens ’n Goddelike gawe, en ’n testament deur U Eie groot krag nie. Maar U is God wat oor alles heers. U oorheers moeilikhede en omstandighede.

125 En ek bid vandag, God, dat U die hart van elke persoon sal trek, toegang verkry tot elke kamer en kompartement. Mag hulle hulle hart nou oopswaai, en almal wat hulle hande opgesteek het, oor selfsugtigheid, of nalatigheid, of dinge wat nie is soos U dit wil hê nie. Dit wys in hulle lewe, dat U nie in daardie

kompartement lewe nie. Mag dit nou oopgemaak word. En, Here Jesus, kom in en maak U tuiste by hulle.

126 En dan, Here, wil ons ook bid, vir diegene wat siek en beproef is, dat iets op hierdie uur gedoen kan word, wat hierdie mense so sou skok tot 'n begrip van die werklikheid van die Teenwoordigheid van Jesus Christus, dat hulle harte geopen mag word. Ek bid in Jesus se Naam. Amen.

127 Dit is uitgegee, oor die radio, en by monde, by die tabernakel, dat ons vandag gebedskaarte sou uitgee. En die rede waarom ons gebedskaarte uitgee, in die tabernakel, is om die mense te kry wat van buite die dorp is. Sien? Dat, die mense wat hier in die stad is, ons het daagliks gebede vir hulle, of tye hier by die tabernakel. Maar om die mense te kry . . . Die krag van onderskeiding is net in Christus. En enigiemand weet dit. Dit is net in God. En in . . .

128 Toe Christus op aarde was in 'n fisiese, vleeslike liggaam, soos ons vandag bestaan, het Hy in Galiléa en verskillende plekke rondgegaan. Daar het Hy nie beweer om mag te hê om siekes te genees of om wonderwerke te verrig nie. Hy het gesê: "Ek kan niks in Myself doen nie. Ek doen niks voordat die Vader My wys wat om te doen nie." Enigeen wat die Skrif ken, Johannes 5, weet dat dit waar is. Hy het geen wonderwerke verrig totdat die Vader Hom gewys het nie. Hy het gesê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun," Hyself, die tabernakel waarin God woon, Sy liggaam, "die Seun kan niks doen in Homself nie; maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook."

129 En het julle agterkom toe Hy in Sy Eie land kom, Sy Eie stad, wat het gebeur? Hy kon dit nie doen nie. Hy het Sy hande op 'n paar siek mense gelê. Hy het omgedraai en gesê: "Voorwaar, Ek sê vir julle, dat 'n profeet in sy eie land, onder Sy Eie . . ." Julle weet hoe dit gesê was, daar.

130 Maar Hy was so genadig teenoor ons, om ons toe te laat om 'n paar dienste van daardie soort te hê. Dis reg. Wat is dit veronderstel om te doen? Is om hierdie stad toe te laat, hierdie mense, en diegene in die omgewing, wat nooit uit was, in die ander dienste nie, om te weet dat Hy die lewende God is. Hy het gesê: "Hierdie dinge wat Ek doen, sal julle ook doen. Julle sal hierdie selfde werke verrig." Hy het gesê: "'n Klein tydjie en die wêreld sal My nie meer sien nie, maar julle sal My sien. Want Ek sal met julle wees, selfs in julle, tot aan die einde van die eeu." Dis reg. "En die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen, tot die einde van die eeu."

131 Ek glo dat ons in die laaste dae van die Heidense dispensasie lewe. Alles is net perfek in orde, op hierdie oomblik, vir die eindtyd. Maar vir die huistoe gaan van die Kerk, dit is waarop Christus wag. "Soos dit was in die dae van Noag, lankmoedigheid, nie bereid dat enige moet vergaan nie." Hy's

dieselfde vandag. Nie . . . Lankmoedig is Hy nou, nie bereid dat enige moet vergaan nie. Groot tekens en wonders het gegaan.

132 Mense sê: "Wel, ons is op soek na 'n groot eeu wat kom." My vriend, die eeu is net omtrent verby. Die heidene is klaar. Dis by die eindtyd. So nou is die tyd om te wees, om Christus te ontvang en om gereed te wees. Luister nou, vriend, ek weet nie . . .

133 Nou, daar is nie 'n gebedskaart in die huis nie. Daar's nie een nie. Billy was hier 'n rukkie gelede, of iewers. Hy het ongeveer 'n honderd kaarte gehad om uit te gee, maar die mense het nie hier uitgekom om dit aan hulle te gee nie. Hulle moes die diens begin, so ons ontwrig dit nie. Toe het ek gesê: "Ek sal net die mense oproep en vir hulle bid."

134 Maar ek voel dat die Teenwoordigheid van Christus hier is. Ek voel dat ek voorberei het, en selfs hierdie Boodskap, vir die kerk vanoggend, vir daardie doel. En op een of ander manier het die vyand ons ietwat omring, maar ek glo dat Christus in staat is om die vyand te oorrompel as ons harte reg is met Hom. En baie van julle mense wat julle hand opgesteek het, natuurlik, sodra hierdie diens verby is, wanneer die altaaroproep gemaak word, wil ek hê julle moet hiernatoe kom en God dank vir wat Hy vir julle gedoen het.

As jy geloof ontvang, wat is geloof?

135 Ons kan 'n gebedslyn hier vorm, en die mense deurbring, 'n half-dosyn of meer. Daardie onderskeiding is baie kragtig, en Dit—Dit sou hier op die platform kom, en julle sal oplet. Ek is agt-en-veertig jaar oud; visioene gesien sedert ek omtrent twee jaar oud was, en nie een keer het enige daarvan gefaal nie. Selfs die dinge, toe ek dit sou sê, ek het nie geweet hoe—hoe dit ooit kon wees nie. Maar dit werk net so, dan is dit God. Sien? Dit moet God wees. Dan as God Teenwoordig is, om Sy Woord te vervul, om te bewys dat Hy . . . "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook." Dan bewys Hy dat dit so sal wees. Dan, God, open ons oë. As ons dit tot vervulling kan sien kom, dan is elke belofte waar.

136 Toe Hy op aarde was . . . Net 'n oomblik. Toe Hy op aarde was, wat het Hy gesê? Hier is wat Hy gesê het. Hy het gesê: "Breek hierdie Liggaam af, en in drie dae sal Ek dit oprig." Hoe het Hy geweet wat om te doen? Omdat die profeet Dawid gesê het: "Ek sal nie toelaat dat My Gunsgenoot verderwing sien nie, ook sal Ek nie toelaat . . . Sy siel aan die doderyk oorgee nie." Hy het geweet Hy was die gesalfde Messias. Hy het geweet dit was Sy posisie. En deur te weet dit was Sy posisie . . . Nou let op. Wetende dat dit Sy posisie was, toe kon Hy daardie verklaring maak, want daardie belofte het op Hom betrekking gehad. Hy het gesê: "En die Skrifte kan nie verbreek word nie." As jou verstand open? "Die Skrifte kan nie verbreek word nie." Daardie belofte het op Hom betrekking gehad, en Hy het geweet dit moes gebeur.

137 Luister dan, vriend. Elke Skrif wat op jou betrekking het, elke belofte wat op jou betrekking het, is joune, net soveel as wat dit Syne was. Natuurlik, is dit.

138 Dit is waarom ek vanmôre staan, en as die Here sal toelaat, gaan ek Hom vra om iets te doen, en hierbinne waar dit so moeilik is, ensovoorts. In my eie . . . Nie omdat julle nie in my glo nie, maar dis omdat Sy Woord gesê het dit sou wees. Sien? Sy Woord het gesê dit sou wees. Ek gaan Hom vra om die gebedskaartsituasie te oorheers. Sien? Ek gaan Hom vra of Hy dit sal doen. Sien? Ek doen nie . . .

139 Nou onthou, laat ek dit op rekord stel, en hierdie bandmasjiene hier wat rol, 'n paar van hulle in die kamer daar. Ek sê nie dat Hy sal nie. Sien? Ek sê nie. Ek gaan Hom daarvoor vra. En as Hy wil, sal ons dankbaar wees. Wat as die Here . . . Hoeveel . . .

140 Niemand daar het 'n gebedskaart nie. Hoeveel siek mense daar, wat siek is, steek julle hande op, of—of het . . . wil iets van die Here hê? Steek julle hande op, waar julle ookal is. Nou ek kan julle gesigte sien, so ek kan net omtrent sien wie julle is. So, ek—ek doen nie . . . ek kan sien . . .

141 En as dit enige van die mense van die tabernakel is, ek wil nie daardie mense hê nie. Ek wil hê die Here moet vir my iemand wys wat nie van die tabernakel is nie; iemand wat nie van hierdie dorp is nie. Want, as iemand van die tabernakel . . . Dis hoekom ons kaarte uitgee, om die mense te kry wat nie van die tabernakel is nie. Sodat . . .

142 Die mense sê: "Wel, hy ken daardie persoon. Dis hoe daardie onderskeiding kom."

143 Hoe gebeur dit in Italië, en Duitsland, en Switserland, Afrika, en oraloor rondom die wêreld? Hoe Dit daar sit en dinge vertel wat sal gebeur drie of vier, vier of vyf jaar later, en dit net so perfek in die kol geskied? Dis Christus.

144 Wie was Dit, wat die kinders van Israel deur die woestyn gelei het? Christus. Wat was Hy toe? Ek wil jou iets vra. Dink net hieraan vir 'n minuut. Wat was Hy? 'n Vuurkolom. 'n Vuurkolom. En toe Hy op aarde gekom het, het Hy gesê dat Hy daardie Vuurkolom was. Hy . . .

Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die woestyn."

Hy het gesê: "Ek is die Brood van die Lewe."

Gesê: "Ons vaders het gedrink van 'n geestelike Rots."

Hy het gesê: "Ek is die Rots."

"Wel," het hulle gesê: "Moses het Hom in 'n brandende bos gesien."

145 Hy het gesê: "Voordat Abraham was, IS EK." Die "EK IS" was in die bos.

146 Hy het gesê: "Nou, Ek het van God af gekom, 'n Vuurkolom." God is Lig, ons weet dit. Hy, God, woon in Gees, nie in vlees nie. En in dié Kolom van Lig, het Jesus gesê: "Ek het Daarvandaan gekom, en Ek keer terug Daarnatoe." Nou, dit mag dalk buite jou teologie wees, maar dis in die Bybel. Jesus het dit gesê.

147 En toe Hy gesterwe het, begrawe is, weer opgestaan het; en toe Paulus oppad was na Damaskus, om die mense in hegtenis te neem, het Jesus, weer in daardie Vuurkolom, aan hom verskyn en hom neergefel. Nou, dit kan moontlik wees, een kan Dit sien en die ander sien Dit nie. Daardie manne wat by Paulus was, het Dit nie gesien nie. Hulle het gesê: "Ons het 'n geraas gehoor, maar ons het geen Lig gesien nie." Maar die Lig was so helder, vir Paulus, dat Dit sy oë verblind het, en hy was blind vir 'n paar dae. Vuurkolom!

148 Hy het gekom na—Hy het gekom na Petrus, in die gevangenis, as die Vuurkolom.

En hier is Hy vandag!

149 En as 'n gees van—van die duiwel in jou is, sal jy die werke van die duiwel doen. As jy 'n misdadiger is, 'n gees, as John Dillinger se gees in jou was, sou jy gewere dra en mense doodmaak. As die gees van enigiets in jou was, sal jy soos daardie persoon optree.

150 Die Gees van Christus in julle is, sal Dit optree soos Christus. Dit sal die werke van Christus doen. "Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Daar het jy dit.

En nou sê ek hierdie net tot eer van God.

151 En ek word 'n ou man, en ek weet my dae mag dalk nie te lank meer op die aarde wees nie. Ek weet nie. Ek kan dit nie sê nie. Ek hoop ek lewe om die Koms van die Here te sien. Ek weet nie of ek sal nie. Maar, ek weet nie of ek ooit nog 'n boodskap sal preek nie. Maar ek . . . Ons kan dit nie sê nie. Dit lê in die hande van God. Ek weet nie.

152 Maar hier's een ding. Ek's . . . As ons Hom sal vra om vanmôre hier in ons midde te kom, en iets doen, die onfeilbare bewys daarvan, dat Hy dieselfde herrese Christus is, en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy op die oewers van Galiléa geloop het! Ek wonder hoeveel sal sê: "Ek sal 'n plek in die gebedslyn verbeur, selfs al het Dit my nie geroep nie. Ek sal my plek verbeur. En ek glo dat 'n geloof in my hart sal anker wat my net sal vashou aan Christus, en ek sal uit hierdie gebou stap vanmôre"? As Hy in hierdie menslike liggame hier sal inkom vanmôre, en iemand daar genoeg geloof gee, soos die vrou wat Sy kleed aangeraak het!

En Hy het rondgekyk, gesê: "Iemand het My aangeraak."

En hulle het gesê: "Wel, almal raak U aan."

153 Het gesê: "Maar Ek kan voel Ek het swak geword." En Hy het oor die plek heen gekyk totdat Hy die vrou gevind het, en Hy het gesê, haar vertel wat sy gehad het, en wat haar moeilikheid was, en gesê dat haar geloof haar gered het.

154 Dit was Jesus. Sê vir my van enigiemand wat ooit op aarde geleef het, wat dit ooit gedoen het, behalwe Hy. Wys my die geskiedenis waar dit ooit gedoen was. Ek het Foxe se boek van *Die Martelare*. Ek het Joséfus se *Vroeë Geskrifte*. Ek het Pemberman se *Vroeë Middeleeue*. Ek het Hislop se *Twee Babilons*. Daar het nooit enigiets gebeur soos dit tot vandag toe nie, dis reg, want ons is by die eindtyd. Ons is op die kruisingstyd. En die Heidene maak klaar, nie lank voordat ons vonke en as sal wees nie.

155 Aanvaar julle Hom, as Hy dit sal doen. Ek sê nie dat Hy sal nie. Indien Hy nie, sal ons die gebedslyn roep. As Hy dit wel doen, sou jy sê: "En ek weet die persoon is absoluut vreemd. En God doen dit. Ek sal glo die Here Jesus is teenwoordig, en Hy sal my geval in Sy hande neem. Ek sal dit daar toevertrou, en ek sal ontvang. Soos die vyf-en-twintig sent; ek sal hiervandaan weggaan en God vir my genesing dank"? Sal jy dit doen? Steek julle hande op, en sien. Hoeveel hierbinne sal sê jy sal dit doen? Steek net julle hande op, oral. Dis wonderlik. O, goeiste!

156 Nou kry jouself in rat. Maak daardie hart oop. Sê: "Jesus, as U ooit aan my hart gewerk het, doen dit nou. Kry al die ongeloof uit. Laat my hier wakker word, myself skud. Is dit waar dat ek by iets verbygegaan het, al hierdie jare, en dit gemis het? Was ek die hele tyd toegesluit? O, ja, ek weet U is met my. Maar het ek U oral ingelaat, om U te sien?" As jy Hom vanmôre kan sien, sal geloof anker, en siektes sal weggaan. Jy sal gesond wees. Glo dit nou. Goeiste! Ek hoop julle sal dit glo. God skenk dit, is my gebed.

157 Nou, voordat ons dit doen, laat ons bid. [Broer Branham kniel voor die preekstoel om te bid—Red.]

158 O Here, dit is 'n verskriklike dag waarin ons lewe. Ek besef dat alles wat kon gebeur, sou U moes wees wat dit toelaat om te gebeur, Here. Daar is baie hier, dosyn of twee, wat miskien in 'n ernstige toestand is, iemand wat nie gesond sal word, as dit nie vir U is nie. En ek bid dat U hierdie seëninge aan ons sal skenk.

159 En, Vader, ons weet dat daar net een manier is om geloof te ontvang. Die Bybel sê dat: "Geloof kom uit die gehoor, die gehoor van die Woord van God." Die Woord van God het gesê: "Jesus Christus is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid." Die Woord van God sê: "Die dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Die Woord van God het gesê: "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." En Here God, ons probeer om geloof in die mense se harte te kry, om hulle deure oop te kry, dat hulle kan sien en die goedheid van God ken, om hierdie dinge toe te laat.

160 Wees ons nou barmhartig, Here. Soos ek hier aan die kant van die altaar reëling kniel, O barmhartige God, wees ons genadig.

Ek bid vir elke persoon hierbinne, Here, vir die tabernakelmense, vir die uitstedige mense, vir almal. U het gesê: "Die gebed van geloof sal die kranke red. God sal hulle oprig. En as hulle gesondig het, sal hulle daarvoor vergewe word."

161 En ons besef dat die mense wat enigiets anders as daardie Woord ontvang, hou dit nie baie lank nie. Ons dink aan die kinders van Israel, hoe hulle almal gestruikel het oor die bonatuurlike, en dan in die woestyn geval het.

162 Waarlik dit is, Here, en soos mense 'n stewige geloof op U Woord het!

163 Skenk nou, vanmôre, dat U groot Teenwoordigheid sal toelaat wat ons vra, Here. Dat die mense kan weet en die heerlikheid van God sien. En mag elke persoon wat nou hierbinne is, mag daar iets, geloof, afkom deur die kanale van God se Gees, en hulle hart nou salf, en hulle oë oopgaan. Dat, wanneer hulle vandag hierdie gebou verlaat, hulle sou sê: "Was ons harte nie brandende in ons nie? Want ons het Sy opgewekte Wese gesien. Ons het gewonder, maar nou verstaan ons." God, gooi hulle deure nou oop, van geloof, en stap binne. En openbaar aan hulle, en maak U weë, en wil bekend.

164 Help my, Here. Ek's 'n swak onderdaan van U Koninkryk. Ek is onwaardig. En ek vra om vergifnis vir my eie sondes, my eie onsekerheid, en vrese, en misdade, en onverskilligheid en alles wat ek gedoen het. Here, vergewe my. En help my om 'n helder, briljante dienskneg van U te wees, dat ek U Naam kan grootmaak voor my broeders. In die dinge waarvoor ek geen krag het om te doen nie, gee my krag, Here, nie vir my eer nie. Sekerlik, Here, al hierdie jare het U my getoets, ek bid dat ek guns in U hart sal vind vanmôre, dat ek 'n tydjie van samesyn kan win en lyding met U. Skenk dit, Here. Ek bid dat U my nou sal help. En gee die mense geloof, want ek staan op om te kyk, om te sien wat U sal doen. In Jesus se Naam. Amen.

165 Nou, moenie twyfel nie. Glo net, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo.

166 Nou, die Here Jesus is nie verplig om dit vir ons te doen nie. Ek gaan Hom vra vir ten minste drie mense wat ek nie ken nie; drie mense wat ek nie ken nie, vir Hom om aan my te openbaar. Wat . . . Ek wil hê elkeen van julle, wat 'n behoefte het aan enigiets, moet bid. En wat Hy openbaar, as dit waarheid is, sal jy dit weet, of dit die waarheid is of nie. As dit nie die waarheid is nie, dan is dit net nie die waarheid nie. Jy sal self weet waar. Maar as dit die waarheid is, dan omhels jy dit en ontvang dit.

167 Wat sou Hy vanoggend doen as Hy hier gestaan het? Wat as Hy hier gestaan het waar ek staan, met 'n vleeslike liggaam soos waarin ek staan? As jy sou sê: "Here Jesus, ek het genesing nodig," wat dink jy sou Hy sê? Hy sou sê: "Wel, Ek—Ek het dit

vir jou gedoen toe Ek vir jou gesterf het." Hoeveel weet dit is die waarheid? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Verseker. Dit is alreeds volbring.

168 Wat sou jou dan meer geloof gee, vir my en Broer Neville om te kom bid, en die hande op jou te lê, jou met olie te salf? Die Bybel sê dit. Doen dit, dis goed. Ons glo dit. Somtyds salf hulle nie eens met olie nie. Partykeer net. . . Hulle het onderskeiding, en vind bose geeste en werp hulle uit. Partykeer word dit op daardie manier gedoen. En soms is dit gedoen deur net. . . Toe Jesus gewandel het. . . Nou wat ons. . . Dit is wat Hy aan die apostels gegee het. Dis wat die apostels gedoen het. En baiekeer het hulle dit gedoen op allerhande verskillende maniere.

169 Nou wat sou meer effektief wees, want ons het soveel dienste hier gehad, wat sou nou meer effektief wees? Net om die Here Jesus te laat neerdaal en Homself bewys dat Hy hier is, in daardie bonatuurlike sfeer.

170 Is daar mense hier in die gebou, wat—wat weet dat ek nie weet wat fout is met jou, of wie jy is nie? Steek julle hande op, indien daar is. Die mense in die gebou, wat weet dat ek julle nie ken nie, steek net julle hand op. Ja meneer. Ek veronderstel dis—dis oral. Goed.

171 Nou, die Here, dit hang van U af, Here. Nou dis al wat ek kan doen. En, Vader God, ek bid dat U dit sal skenk, sodat hierdie mense kan, in die volgende tien minute, baie sal stroom na die altaar, met hulle harte verheug, om te sien. Maak hulle oë oop, Here. Laat. . .

172 Maak hulle oë oop soos dié wat na Emmáüs gegaan het. Hulle het heeldag saam met U geloop en het U nie geken nie. Maar toe U iets gedoen het wat hulle geweet het niemand anders kon doen behalwe U nie, het hulle herken dat dit U was. Dit was nadat U dood was, begrawe, en weer opgewek was.

173 Nou, Vader, skenk dieselfde ding vandag, onder hierdie mense. En die Bybel het gesê: "Drie sal 'n getuie wees." So ek bid, God, dat 'n bevestiging vanmôre gemaak sal word, in die teenwoordigheid van die mense, sonder om na die platform gebring te word. Dis alles deur U genade, laat dit dan gedoen word, Here, bid ek, om Jesus' ontwil, en in Jesus se Naam. Amen.

174 Ek weet dit is 'n strawwe tyd vir julle. Wat van my? Maar wat ek verkondig, glo ek. Wat ek preek, beoefen ek; deur die genade van God, beoefen ek. God sal met my wees om my te help, dat julle kan weet dat ek nie hierdie dinge in myself sê nie. Julle oë open, en sê: "Wel, ek ken Broer Branham 'n lang tyd. Ek het dit gesien. Maar ek sê jou, maak nie saak wie hy is nie, hy mag Charles Branham se seun wees, of so-iets, maar ek weet een ding, God het iets deur hom gedoen." Kyk dan na God. Moenie na die man kyk nie. God wil nie vir my vertoon nie; Hy wil Homself vertoon. Dis Hy. Nou as 'n visioen net sal kom!

175 Hier is dit. Suster Snyder . . . Ek—ek probeer om weg te kyk daarvan, sien. En, God, wees genadig.

176 Hier is ’n man wat net hier sit. Die visioen is oor hom, kyk reguit na my. Ek skat ek is ’n vreemdeling vir jou. Jy probeer ontslae raak van ’n gewoonte, is jy nie? [’n Man sê: “Ek probeer ontslae raak van die gewoonte, meneer.”—Red.] Om ontslae te raak van sigarette rook, is wat jy probeer. Is dit reg? Steek jou hand op as dit reg is. Nee, ek bedoel die jong man wat *daar*agter sit. Ek ken jou nie. Ons is vreemdelinge, is dit reg, vir mekaar? As dit is, wuif jou hand soos *hierdie*. Is dit presies waarvoor jy toe gebid het? Goed.

177 Glo julle? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.] Wat doen dit? Wat het hy aangeraak? Die Bybel het gesê dat: “Hy is die Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.” Hy het my nie aangeraak nie. Ek het die man nog nooit gesien nie. Maar hy het Christus aangeraak, Wat hier is, en Christus gebruik my lippe en oë, om te praat.

178 Jy het jou hande in die lug, jongman. Ek sien jy bly jou hande ophou. Glo jy ek is God se profeet? Sal jy aanvaar wat ek vir jou sê? As jy geloof het en glo? Dink jy sy sal werklik gered word? Jou vriendin, jy bid daarvoor, is dit nie? [Die man sê: “Dis waar.”—Red.] Uh-huh. Jy wil dat sy genees word ook, is dit nie? As dit is reg, staan op jou voete. Jy! Dis reg, is dit nie? [“Ja, meneer.”] Nou hê geloof in God, en jy sal dit ontvang. Ek is ’n vreemdeling vir jou, jong man. Ek het jou nog nooit gesien nie. Is ons vreemdelinge? Steek beide jou hande hoog op, as ons vreemdelinge is. Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie; jy het my nog nooit gesien nie. Nou wat . . . Jy kan nou sit, en ontvang waarvoor jy gevra het. Jou geloof het dit aan jou gegee.

Glo julle? [Gemeente sê: “Amen.”—Red.]

179 Dit was ’n grap ’n rukkie gelede, was dit nie, suster? Maar dis nie nou ’n grap nie. Ek het geweet dat die Here dit sal doen, of ek het gedink Hy sou. God kan nie mee gespeel word nie. Hy is ’n werklikheid. As jy kan glo!

180 Hier is ’n vrou wat reg agter aan *hierdie* kant sit. Sy bid vir iemand anders. Die vrou het ’n senuweetoestand. Sy is ’n Katoliek, van geloof. Dis reg. Sy woon op Meigs Laan, is sy nie? As dit reg is, steek jou hand op, dame. Goed. Glo jy? Ontvang dan wat jy vra, as jy kan glo.

181 Wat van jou daar heel agter? Iemand kry . . . Nee, jy is nie te ver terug nie. Christus weet presies waar jy sit. Ek daag jou uit, in Jesus se Naam, om nou te glo. Hy is hier. Sy Gees is hier. Sy krag is hier.

182 Hier sit ’n man wat daar heel agter sit, wat nou na my kyk. Het ’n groen das aan, grys pak, soort van. Hy bid ook. Hy wil

genees word van 'n soort van maagprobleem, suur toestande in sy maag en ingewande. Dit is reg. Jy wat daaragter sit. Laat ek jou vertel wie jy is. Jy was gister by 'n dokter en hy het jou ondersoek. Dis reg. Ek ken jou nie, jy weet dit, maar God ken jou. Jou geloof het jou gered, meneer. Loof die lewende God!

183 Die dame wat reg agter hom sit, in die volgende ry, sowat drie, daar agterlangs. Daar, aan die bid vir jou skoonma, kreupel toestand. As jy sal glo, goed.

184 Daar is 'n klein kêreltjie wat daar sit, met 'n hand op sy mond, wat na my kyk, ver daar agterlangs. Hy het sy hand op sy mond. Hy bid. Daar is 'n soort van bedroefde gees rondom hom. Hy vee sy oë uit. Ek kan net 'n jong man uitmaak. Hy bid vir iemand. Dit is 'n familielid van hom. Die man was in 'n inrigting. Dit is 'n jong kêrel. Dis 'n swaer, 'n senuwee toestand, van 'n geestelike toestand. Dis korrek, meneer. Hê jy geloof en God sal dit vir jou werk.

185 Ek daag julle geloof uit in Christus. Glo julle Hom? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Is dit drie? O, dis . . . Dit is meer as dit, is dit nie? Glo julle nou? ["Amen."] Is jou geloof gevestig? Het jou hart oopgegaan? Steek op jou hande, as jou hart oopgegaan het. Is die deur oop? ["Amen."]

Kom ons buig dan ons hoofde.

186 Here, kom tog nader nou, geseënde Jesus. O God, ek is dankbaar teenoor U, Vader, dat U hierdie seëninge geskenk het. Dat hulle, die mense wat nou teenwoordig is, sal weet dat dit nie U dienskneg was nie. Dit was die God van die Hemel, wat ons vanoggend vereer het deur in ons midde in te kom, en toe te laat dat dit gedoen word. Om aan hierdie Heidense geslag te bewys, voordat dit uitgewis word van die aarde af, dat U die Messias is. U is die Here, God van die Hemel. U is hier, O Here.

187 Asseblief, ek vra U om nog een groot skok aan hierdie mense te gee, as't ware, of om hulle verstand te open, want hulle sal vergaan in hulle sondes as hulle versuim om in U te glo en hulle twyfel en ongeloof te bely. Mag daar so 'n seëning na die mense toe kom, net nou, dat hulle sal weet dat die Heilige Gees teenwoordig is, en dat Hy net so bereid is om hulle te genees, soos Hy enigiemand anders sal genees. Dit is gebaseer op: "As jy kan glo, is alle dinge moontlik." Here, skenk dit. En mag U genesingskrag in die mense se harte afswiep, net nou, en elkeen van hulle genees. Ek dank U, Here.

188 Wanneer Satan inkom soos 'n brullende leeu, rig die Gees van die Here 'n standaard teen hom op, en oorweldig hom, die groot Satan wat beweer om die groot Een te wees. Maar ons Here Jesus is die groot Een, Hy en Vader God.

189 En ek bid, Here, dat net nou, deur U Gees, dat U deur die gehoor sal beweeg en elke persoon genees. Deur die Naam van die Here Jesus vra ons dit. Amen.

190 Glo julle julle is genees? Glo julle dit, deur Sy wonde? Het iets onder in jou hart geanker? Jy het die vyf-en-twintig sent wat gaan maak dat jy uit die gebou loop. Het jy dit? Steek op jou hand. "Ek het dit. Dis 'n geankerde geloof. Ek gee nie om hoe lank dit neem, hoeveel dae, hoeveel ure nie. Ek het die koopkrag vir my genesing, hierdie oomblik, en ek sal uit hierdie gebou uitloop, hierdie oomblik, presies net soos wanneer ek heeltemal gesond sou wees." Julle kan, as jy op jou voete staan. Jy mag nie wees nie; jy mag nie wees nie, vir weke. Ek weet nie. Maar jy sal wees, as jy die geloof het om dit te glo. God is geloof. Glo Hom met jou hele hart.

191 Nou sluit net jouself in met God, nou. Nou begin net soos hierdie: "Here, ek glo. Here, ek glo. Al my twyfel is begrawe in die Fontein. Here, ek glo. Redder, verhef my geloof in U, totdat dit die berg kan skuif. O Here, kan U verkeerd wees? U kan nie verkeerd wees nie. Eerstens, as Broer Branham een ding gehad het om te sê, U Woord het so gesê. Dan, deur genade, het U Broer Branham toegelaat om oor hierdie bou te kyk na baie mense, om dieselfde ding te doen wat U gedoen het toe U Galiléa bewandel het. As ek 'n twyfel in my hart gehad het, Here, neem dit dan weg, voor my dag volbring is. Voordat ek geroep word, om te antwoord by die Oordeel, neem my sonde van ongeloof weg. En maak my Uwe nou. Laat ek Uwe wees." God seën julle, is my gebed. En diegene . . .

192 Nou terwyl julle bid, toegesluit met God, daar was diegene wat hulle hande opgesteek het, wat met God wou wandel, wat julle harte wou oopmaak vir Hom. Die altaar is nou oop, my vriend. Ek wil elkeen van julle uitnooi om hier na die altaar toe te kom en neer te kniel, en te sê: "Here Jesus, wees genadig. Ek wil hê dat U in my hart inkom. Verwyder al my twyfel. Verwyder al my vrees. Verwyder my selfsug. Skuif alles uit, en kom U in. Kom in my hart in en wees Here. O, ek glo U is my Redder, maar U was nie my Here nie."

193 God seën jou, broer. Hierdie man se naam is Davis. Hy kom uit Virginia. Hy is hier om 'n gewoonte van rook op te gee, en 'n wrokkie wat hy in sy hart gehad teen 'n geliefde, sedert hy 'n kind was. Dis waarvoor hy hier by die altaar is, vanmôre.

194 Nou kom. Julle word uitgenooi om nou op te stap na die altaar. Kniel hier voor die Christus van God. Moenie jou aandag vestig op die klein nederige tabernakel nie. Let op Wie hier is, vanmôre, ons geseënde Redder. Sal jy kom? Jy word uitgenooi. Die Here Jesus wag vir jou om te kom, vir elke (reiniging) gees om uit jou hart te gaan.

. . . Sy liewe kinders saam;

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur die vuur, maar almal deur die Bloed;
Sommige deur groot hartseer, maar God gee 'n lied,

Stap op, vanmôre, kniel neer in Sy Teenwoordigheid.

Lei God sy liewe kinders saam;
Soms in die vallei in die donkerste van nag,
Lei God sy liewe kinders saam.

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur diep beproewing, maar almal deur die Bloed;
Sommige deur groot hartseer, maar God gee 'n lied,
In die nagseisoen en deur die hele dag.

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur diep beproewing, maar almal deur die Bloed;
Sommige deur groot hartseer, maar God gee 'n lied,
In die nagseisoen en deur die hele dag.

Hoewel droefheid ons oorval, en Satan weerstaan,
Lei God sy liewe kinders saam;
Deur genade oorwin ons; die afgematte een se voete,
Lei God sy liewe kinders saam.

Sal jy Hom nie toelaat om jou te lei nie?

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur die vuur, maar almal deur die Bloed;
Sommige deur groot hartseer, maar God gee 'n lied,
In die nagseisoen en deur die hele dag.

195 Nou word jy uitgenooi, soos ons sing; as God aan jou hart klop, vir jou om jou hart oop te maak, om Sy Teenwoordigheid te sien, om die seëninge te geniet van Hom as jou Here, jou heerser. Wil jy nie net vergeet dat jy in hierdie klein ou tabernakel is nie? En kom op hier na die Troon van Sy genade, en kniel saam met hierdie ander wenende mense, en open jou hart, sodat Hy jou verstand kan open, dat jy Sy kind sal wees en Hom dien. Ons

sal nog een keer die laaste vers van hierdie lied sing. Jy word uitgenooi. Kom nou.

Weg van die modder, en weg van die klei,
Lei God sy liewe kinders saam;
Weg na die heerlikheid, Ewigheid se dag,
Lei God Sy liewe kinders saam.

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur diep beproewing, maar almal deur die Bloed;
. . . maar God gee 'n lied,
In die nagseisoen en deur die hele dag. (Saggies.)

Sommige deur die water, sommige deur die vloed,
Sommige deur die vuur, maar almal deur die Bloed;
Sommige deur groot hartseer, (Verstaan jy nie?) . . . 'n lied,
In die nagseisoen en deur die hele dag.

196 Eerbiedig buig ons nou ons hoofde in die Teenwoordigheid van die groot Koning van die heerlikheid, die groot Vredevors. Hoe dankbaar is ons dat julle julle harte geopen het vir hierdie groot Gees wat nou teenwoordig is. "Hy wat na My toe kom, sal Ek geensins verwerp nie." Maak nie saak wat jou behoeftes is nie. "Wat ookal jy begeer, wanneer jy bid, glo dat jy dit sal ontvang, en jy sal dit kry." God doen dit vir ons.

197 Nou, kinders, soos julle in die gebou is, oral, buig net julle hoofde. Wees baie eerbiedig terwyl ons broer bid, en julle sal dit ontvang waarvoor julle gevra het. Die Here seën julle ryklik nou, terwyl die suster nou stadig voortgaan met haar sang. [Broer Neville bid—Red.]

Ek Staan By Die Deur En Klop AFR57-1208
(I Stand At The Door And Knock)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 8 Desember 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org